Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# TOERISME

**PUNTE:** **200**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. ALLE vrae in AFDELING A, B, C, D en E is VERPLIGTEND.
3. Begin ELKE VRAAG op ŉ NUWE bladsy.
4. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. In VRAAG 3.1.1 en 3.1.2 rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.
6. Toon ALLE berekeninge waar nodig.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Die volgende tabel is ŉ gids om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling toe te ken.

<table>
<tr><th>AFDELING</th><th>VRAAG</th><th>ONDERWERP</th><th>PUNTE</th><th>TYD</th></tr>
<tr><td>A</td><td>1</td><td>Kortvrae</td><td>40 punte</td><td>20 minute</td></tr>
<tr><td rowspan="2">B</td><td>2</td><td>Kaartwerk en Toerbeplanning</td><td rowspan="2">50 punte</td><td rowspan="2">50 minute</td></tr>
<tr><td>3</td><td>Buitelandse Valutaverhandeling</td></tr>
<tr><td rowspan="3">C</td><td>4</td><td>Toerisme-besienswaardighede</td><td rowspan="3">50 punte</td><td rowspan="3">50 minute</td></tr>
<tr><td>5</td><td>Kultuur- en Erfenistoerisme</td></tr>
<tr><td>6</td><td>Bemarking</td></tr>
<tr><td rowspan="2">D</td><td>7</td><td>Toerismesektore</td><td rowspan="2">30 punte</td><td rowspan="2">30 minute</td></tr>
<tr><td>8</td><td>Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme</td></tr>
<tr><td rowspan="2">E</td><td>9</td><td>Plaaslike-, Streeks- en Internasionale Toerisme</td><td rowspan="2">30 punte</td><td rowspan="2">30 minute</td></tr>
<tr><td>10</td><td>Kommunikasie en Kliëntediens</td></tr>
</table>


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 A.

1.1.1 ŉ Inenting wat gesondheidsowerhede voorstel dat individue ontvang voordat hulle na sekere lande reis om te voorkom dat hulle met sekere siektes besmet word.

A Verpligte
B Seisoenale
C Tydelike
D Aanbevole

1.1.2 ŉ Siekte wat veroorsaak word deur larwes wat ŉ persoon se liggaam binnedring, wat vermy kan word deur uit potensieel besmette riviere te bly.

A Bilharzia
B Geelkoors
C Malaria
D H1N2

1.1.3 Die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap Wêrelderfenisterrein word deur die … gemeenskap besit en bestuur.

A Shona
B Himba
C Nama
D Damara

1.1.4 Hierdie ikoon is in … geleë.



A Istanbul
B Rio de Janeiro
C Parys
D Tokio

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.1.5 Hierdie wêreldwye sportbyeenkoms sluit meer as 30 sportkodes in en duur ongeveer 17 dae.

A Tour de France
B Wimbledon
C Statebondspele
D Olimpiese Spele

1.1.6 Hierdie argitektoniese meesterstuk, bekend vir sy dalende koepels en ses minarette, lok besoekers met sy pragtige ontwerp.

A Klaagmuur
B Blou Moskee
C Parthenon
D Mekka

1.1.7 Hierdie ikoniese struktuur word met die Nederlandse kultuur, tradisionele argitektuur en die ryk erfenis van Nederland geassosieer.

A Houtbrûe
B Tulptuine
C Windmeulens
D Fietse

1.1.8 ŉ Algemene veiligheidsmaatreël om te onthou wanneer jy in ŉ gevaarlike gebied reis.

A Dra groot hoeveelhede kontant saam met jou
B Vermy om alleen te reis
C Deel jou reisplanne met almal wat jy ontmoet
D Dra altyd helder, uitspattige klere

1.1.9 Die rol van die organisasie wat deur die kenteken hieronder verteenwoordig word.

UNESCO

A Beskerm en bevorder kulturele erfenis
B Bestuur globale handelsooreenkomste
C Reguleer internasionale sportkompetisies
D Bestuur wêreldwye reisversekeringspolisse

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.1.10 EEN faktor wat uitgesluit moet word met die opstel van ʼn begroting vir ʼn toerplan:

A Die grootte van die groep
B Die tyd van die jaar
C Advertensiekostes
D Klimaatstoestande

1.1.11 Hierdie berg word as die hoogste berg ter wêreld beskryf. Die piek daarvan word as die hoogste punt bo seespieël in die wereld beskryf.

A Berg Kilimanjaro
B Berg Everest
C Switserse Alpe
D Andesgebergte

1.1.12 Die stad wat die Olimpiese Somerspele van 2024 aangebied het.

A Parys, Frankryk
B Tokio, Japan
C Rio de Janeiro, Brasilië
D Londen, Verenigde Koninkryk

1.1.13 Die gewelddadige betogings teen die finansiële wetsontwerp in Kenia in Junie 2024 het tot talle ongevalle en arrestasies gelei. Dit kan as (ʼn) ... beskou word.

A algemene onrus
B burgeroorlog
C terrorisme
D onvoorsiene gebeurtenis

1.1.14 Die term wat ʼn individu beskryf wat hul eie toerisme-onderneming loods, en innoverende reiservarings na die mark bring.

A Vennootskap
B Entrepreneur
C Belegger
D Reiskonsultant

1.1.15 Die maksimum hoeveelheid Rand wat ʼn Suid-Afrikaanse burger vir buitelandse valuta per jaar kan ruil wanneer hy/sy in die buiteland reis.

A R150 000
B R100 000
C R25 000
D R1 000 000

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

1.1.16 Die Klaagmuur, ook bekend as die Westelike Muur, word hoofsaaklik vir ... erken.

A Christelike aanbidding
B Islamitiese gebed
C Joodse gebed
D Hindoe-rituele

1.1.17 Die tyd in Perth, Australië (+9) as dit 11:00 in Moskou, Rusland (+3) is:

A 17h00
B 05:00
C 17:00
D 05h00

1.1.18 Vredefortkoepel, die grootste bekende impakterrein op aarde, is deur ŉ … gevorm.

A aardbewing
B vulkaniese uitbarsting
C meteoriet
D tektoniese plaatverskuiwing

1.1.19 Mekka, die heiligste stad van die Islamitiese geloof, is in ... geleë.

A Saoedi-Arabië
B Jordanië
C Irak
D Iran

1.1.20 Reisklinieke spesialiseer in …

A medikasie vir chroniese toestande.
B die toedien van inentings.
C die uitvoering van chirurgiese prosedures.
D mediese navorsingstudies. (20 x 1) (20)

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.2 Gee EEN woord/term vir ELK van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Jy mag elkeen van die gegewe woorde/terme slegs EEN keer gebruik.

| vermenigvuldigereffek; BAK; TGRSA; kenteken; TBCSA (Engels)/TBRSA (Afrikaans); vlugvoosheid; BVK; produkverpakking; hipertensie; vluguitputting; inflasie |
|---|

1.2.1 Die sake-eenheid van SA Toerisme wat akkommodasie-ondernemings gradeer om die standaard van fasiliteite en dienste te bepaal.

1.2.2 Wanneer geld deur die ekonomie van 'n land syfer en verskillende toerisme-ondernemings binne die land bevoordeel, staan dit as die ... bekend.

1.2.3 Toe 'n Suid-Afrikaanse reisiger van Australië teruggekeer het en AUD $50 vir Suid-Afrikaanse Rand verruil het, het die bank die … gebruik.

1.2.4 Om 'n korporatiewe identiteit te vestig, kan maatskappye 'n … op alle sigbare kenmerke, insluitend uniforms, skryfbehoeftes, bemarkingsmateriaal en naamborde gebruik.

1.2.5 'n Fisiese toestand wat ervaar word na langafstand-lugreise in 'n noord/suid-rigting. (5 x 1) (5)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Die IDL word gebruik om verskillende (kalenderdatums/lengtelyne) te skei.

1.3.2 Die Parthenon is 'n simbool van antieke (Griekse/Romeinse) ingenieurswese, kuns en kulturele invloed.

1.3.3 'n Paspoort, uitgereik aan 'n Suid-Afrikaanse burger op die ouderdom van 12 jaar, is vir (10/5) jaar vanaf die datum van uitreiking geldig.

1.3.4 'n (Onafhanklike pakket-/Geskeduleerde) toer is 'n vooraf gereëlde reisplan wat deur toeroperateurs of reisagentskappe aangebied word.

1.3.5 (Grasse/Nice), geleë langs die Franse Riviera, is nou aan die parfuumbedryf gekoppel. (5 x 1) (5)

Kopiereg voorbehou

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**


1.4 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die UNESCO Wêrelderfenisterrein in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld. 1.4.6 G.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.4.1 Fossielhominiedterreine van Suid-Afrika | A geleë op Suid-Afrika se grens met Botswana en Namibië |
| 1.4.2 Robbeneiland | B die grootste en mees gekonsentreerde groep San-rotstekeninge suid van die Sahara word by hierdie terrein gevind |
| 1.4.3 iSimangaliso-vleilandpark | C hierdie terrein verskaf bewyse oor die oorsprong van die mensdom oor 3,5 miljoen jaar |
| 1.4.4 Maloti-Drakensbergpark | D bevat vyf onderling gekoppelde ekosisteme, naamlik mariene, kus-, vleilande, riviermondings en terrestriële |
| 1.4.5 Mapungubwe Kulturele Landskap | E is op verskeie tye as 'n tronk en 'n hospitaal vir sosiaal onaanvaarbare groepe gebruik |
| | F geleë op Suid-Afrika se grens met Zimbabwe en Botswana |

(5 x 1) (5)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.5 Pas elke internasionale betaalmetode (A–F) by die korrekte gevallestudie (1.5.1–1.5.5). Skryf slegs die letter van die korrekte betaalmetode langs die ooreenstemmende vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.5.6 G.

| A | B |
|---|---|
|   |   |
| **C** | **D** |
|   |  |
| **E** | **F** |
| **BANKWISSEL**   |  |

1.5.1 Zubair bespreek 'n begeleide toer in Parys, Frankryk en betaal die toermaatskappy direk vanaf sy bankrekening deur 'n aanlynmetode te gebruik.

1.5.2 Siya dra 'n groot bedrag geld, vir reiskostes, van sy bank in Suid-Afrika oor na sy vriend se bank in Berlyn, Duitsland.

1.5.3 Jordan bespreek op die laaste nippertjie 'n vlug na New York, deur 'n betaalmetode wat gerief bied en vir hom reisbeloningspunte verdien, te gebruik.

1.5.4 Emma verruil haar plaaslike geldeenheid vir Thai baht voordat sy landelike gebiede in Thailand besoek, waar elektroniese betalings skaars is. Sy sal hierdie betaalmetode tydens haar reis gebruik.

1.5.5 Mihle kry 'n voorafbetaalde betaalopsie voordat sy na Europa reis, wat haar toelaat om euro by OTM's te onttrek en aankope tydens haar reis te doen. (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**




**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTAVERHANDELING

### VRAAG 2

Gebruik die wêreldtydsonekaart en die reisplanne hieronder om die vrae wat volg te beantwoord.






Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.1 Op die 8ste Junie 2025 het die bekende Comrades Marathon in KwaZulu-Natal, Suid-Afrika, sporttoeriste van regoor die wêreld gelok.

Onder die deelnemers het twee broers, Joe en Michael Johnson van New York, VSA, gereed gemaak om aan hierdie ikoniese marathon deel te neem.

**REISPLAN VIR DIE AMERIKAANSE BROERS WAT NA DURBAN, SUID-AFRIKA GEREIS HET.**

- Die broers het op 4 Junie 2025 om 16:30 vanaf JFK Internasionale Lughawe, New York, VSA, op Condor vlugnommer DE 2107 vertrek.
- Die vlug was 7 uur en 30 minute en het op Frankfurt am Main Internasionale Lughawe in Duitsland geland. Na ŉ 15 uur 30 minute langerwagtydperk het die broers ŉ aansluitingsvlug van 11 uur lank op Condor-vlug DE 2288 na King Shaka Internasionale Lughawe in Durban, Suid-Afrika, geneem.
- Let daarop dat beide New York, VSA, en Frankfurt, Duitsland, gedurende die Comrades Marathon Dagligbesparingstyd beoefen het.

Bestudeer die grafiese voorstelling van die reisplan van die besoekers van New York en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| JFK Internasionale Lughawe, New York, VSA (-5) | Vlugtyd: 7h 30m | Aansluitingsvlug vanaf Frankfurt am Main Internasionale Lughawe, Duitsland (+1) na ŉ 15h 30m wagtydperk | Vlugtyd: 11 uur | King Shaka Internasionale Lughawe, Durban, Suid-Afrika (+2) |
|---|---|---|---|---|
| Vertrek: 16:30 | | | | Aankoms: ? |
| Datum: 4 Junie 2025 | |  | | Datum: ? |
| Vlugnr: DE 2107 | | | | Vlugnr: DE 2288 |

2.1.1 (a) Bereken die tyd en datum van die broers se aankoms in Frankfurt, Duitsland.

Onthou om die praktyk van Dagligbesparingstyd in jou berekening in ag te neem.

Toon ALLE berekeninge. (5)

(b) Bepaal die vertrektyd van vlug DE 2288 van Frankfurt, Duitsland na Durban, Suid-Afrika. (2)

(c) Bereken die tyd en datum van die broers se aankoms in Durban, Suid-Afrika.

Onthou om die praktyk van Dagligbesparingstyd in jou berekening in ag te neem.

Toon ALLE berekeninge. (5)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.1.2 Die wagtydperk by Frankfurt am Main Internasionale Lughawe in Duitsland het die broers ’n geleentheid vir die besigtiging van ’n paar besienswaardighede gegee.

Noem die tipe visum wat reisigers moet toon om die lughawe te kan verlaat tydens ’n lang wagtydperk tussen vlugte in ’n vreemde land. (2)

2.1.3 Jo en Michael het aan twee verskillende reisverwante toestande as gevolg van hul vlugte gely.

(a) Noem die reisverwante toestand waaraan die broers met hul aankoms in Frankfurt, Duitsland gely het. (2)

(b) Noem EEN oorsaak van die reisverwante toestand in VRAAG 2.1.3(a) genoem. (2)

(c) Noem TWEE simptome van die reisverwante toestand wat in VRAAG 2.1.3(a) geïdentifiseer is. (2 x 1) (2)

2.1.4 Met hul aankoms by King Shaka Internasionale Lughawe in Suid-Afrika, moes die broers twee dokumente by die immigrasiekontrolepunt voorlê.

Voltooi die ontbrekende inligting in die tabel. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die ooreenstemmende vraagnommer 2.1.4(a) tot (d) in jou ANTWOORDEBOEK neer. MOENIE die tabel oorteken nie.

| | **Naam van reis-dokument** | **Doel van reis-dokument** | **Owerheid ver-antwoordelik vir die uitreiking van reis-dokument** |
|---|---|---|---|
| **Reis-dokument A** | (a) (1) | (b) (2) | Departement van Binnelandse Sake |
| **Reis-dokument B** | Visum | (c) (2) | (d) (1) |

(6)

2.1.5 Terwyl hy in Frankfurt was, het Michael die onderstaande geskenke vir sy Suid-Afrikaanse vriende gekoop.

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| **2 liter brandewyn** | **100 ml parfuum** | **R5 500 ontwerpershandsak** |



(a) Adviseer Michael oor watter kanaal (rooi of groen) om te kies wanneer hy deur doeane gaan met sy aankoms by King Shaka Internasionale Lughawe. (2)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.1.5(a). (2)



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.2 Bestudeer die toeristeprofiele hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| **Michael Johnson** | **Jo Johnson** |
|---|---|
|  |  |
| **Ouderdom:** 22<br>**Beroep:** Student | **Ouderdom:** 29<br>**Beroep:** Joernalis |
| **Michael en Jo se gedeelde belangstellings:** Unieke kulturele ervarings, avontuur, unieke kulinêre (kos) ervarings en wildlewe. | |

2.2.1 Durban Dreams Getaway Tours het 'n spesiale aanbod van enige twee aktiwiteite uit een van die onderstaande aanbiedinge vir R950 per persoon bekendgestel.

| AANBOD A: AKTIWITEITE | AANBOD B: AKTIWITEITE |
|---|---|
| • Spandeer die aand by 'n Zuludorpie: ervaar tradisionele dans, musiek en kos<br>• Privaat wildrit (besigtiging van die Groot Vyf)<br>• uShaka Marine World (Marine World en Waterpark)<br>• Gourmet Food Tour (fynproewers kostoer) (Durban straatmarkte) | • Durban-hawe bootvaart<br>• Spa-dag by 'n luukse oord<br>• Durban Straatkunstoer<br>• Durban Botaniese Tuine |

(a) Bepaal die aktiwiteitsaanbod **A** of **B**, wat die beste by die Johnson-broers se belangstellings gepas het. (2)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.2.1(a). (2)

2.2.2 Nadat hulle die marathon voltooi het, het die Johnson-broers beplan om vier dae op 'n selfbestuur-toer in die malaria-geteisterde streek van die Krugerwildtuin deur te bring.

(a) Noem die dokument waarvoor Michael en Jo aansoek moes doen om wettiglik in Suid-Afrika self te bestuur. (2)

(b) Noem TWEE voorsorgmaatreëls wat die broers kon oorweeg om te verhoed dat hulle malaria opdoen tydens hul besoek aan die Krugerwildtuin. (2 x 2) (4)

**[40]**


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3

3.1 Bestudeer die buitelandse wisselkoerstabel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| VALUTA | BANKAANKOOPKOERS | BANKVERKOOPKOERS |
|---|---|---|
| EUR € | 19,32 | 19,49 |
| USD $ | 18,54 | 18,68 |
| GBP £ | 23,04 | 23,11 |

3.1.1 Anna, 'n Duitse toeris, het Suid-Afrika in Januarie besoek om die Tyla-konsert by SunBet Arena in Pretoria by te woon. Sy het 500 eenhede van haar tuisgeldeenheid na Suid-Afrikaanse Rand (ZAR) by Rennies verruil met haar aankoms in Suid-Afrika.

Bereken die bedrag in Rand wat sy sal ontvang wanneer die transaksie gedoen word.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. Toon ALLE stappe van jou berekening. (3)

3.1.2 Luyanda, 'n leerder van Suid-Afrika, beplan 'n reis na Londen, Verenigde Koninkryk, om vir 6 maande aan 'n uitruilprogram deel te neem. Hy het ZAR 15,000 en wil dit vir die plaaslike geldeenheid van sy bestemming voor sy vertrek ruil.

Bereken die bedrag wat hy in die bestemming se geldeenheid sal ontvang.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. Toon ALLE stappe van jou berekening. (3)

3.1.3 Verduidelik die impak van 'n swak rand op:

(a) Internasionale inkomende reise (2)

(b) Uitgaande reise (2)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING C: TOERISME BESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING

### VRAAG 4

4.1 Bestudeer die kaarte en prentjies hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

As reisagent het jy twee opwindende toere beplan, naamlik **Wêreld-ikoontoer 1** en **Wêreld-ikoontoer 2**, wat hieronder met hul onderskeie kaarte en prentjies getoon word:

**WÊRELD-IKOONTOER 1**





**A**



**B**



**WÊRELD-IKOONTOER 2**




**C**



**D**





Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

4.1.1 Identifiseer die ikone gemerk **A** tot **D** wat by Wêreld-ikoontoer 1 en Wêreld-ikoontoer 2 ingesluit is. (4 x 1) (4)

4.1.2 (a) Identifiseer TWEE stede wat tydens Wêreld-ikoontoer 1 besoek sal word. (2 x 1) (2)

(b) Noem die TWEE lande wat deel van Wêreld-ikoontoer 2 is. (2 x 1) (2)

4.1.3 Gee EEN rede waarom avontuurtoeriste in die wêreldikoon gemerk **A** in Toer 1 sou belangstel. (2)

4.1.4 Gee EEN rede waarom die wêreldikoon gemerk **B** gebou is. (2)

4.1.5 Verduidelik waarom die ikoon gemerk **C** as ŉ simbool van buitengewone menslike prestasie beskou word. (2)

4.2 Bestudeer die Chichen Itza-besoekersgids en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## Besoek Chichen Itza – 'n Wonder van die Majawêreld!

**Daagliks oop:** 8:00 – 17:00 (Laaste Toegang: 16:00)

**Verken Geskiedenis & Argitektuur**
Sluit by 'n begeleide toer aan om die boeiende geskiedenis van hierdie antieke Majastad te ontdek.

**Fasiliteite en geriewe om meer waarde aan u besoek te heg**
- ☑ Rusareas en piekniekplekke
- ☑ Kosstalletjies en aandenkingswinkels
- ☑ Duidelike kennisgewingborde en duidelik gemerkte paadjies
- ☑ Rolstoelvriendelike paadjies, badkamers en parkering
- ☑ Kaarte en brosjures by ingang beskikbaar

**Gesinsvriendelike ervaring**
- Interaktiewe uitstallings en opvoedkundige programme vir kinders

**Veiligheid Eerste**
- Sekuriteitspersoneel op die terrein
- Noodhulpstasies beskikbaar

**Beplan u besoek en ontdek die betowering van Chichen Itza!**



4.2.1 Identifiseer/noem die vasteland waarop Chichen Itza geleë is. (2)

4.2.2 Beskryf EEN hoof argitektoniese kenmerk van Chichen Itza. (2)

4.2.3 Vanuit die inligting hierbo, verskaf bewyse dat Chichen Itza:

(a) Universele toeganklikheid ondersteun (2)

(b) ŉ Aangename ervaring vir besoekers bied (2)



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

4.2.4

| |
|---|
| Chichen Itza ontvang jaarliks meer as twee miljoen besoekers. Die bestuur van die terrein het verskeie strategieë in plek gestel om die terrein se historiese strukture te beskerm terwyl dit ŉ volhoubare toerisme-ervaring verseker. |

(a) Identifiseer EEN uitdaging wat oortoerisme (Engels: over-tourism) by Chichen Itza kan veroorsaak. (2)

(b) Stel TWEE bykomende strategieë voor, afgesien van bestaande maatreëls wat in die besoekersgids genoem word, wat geïmplementeer kan word om Chichen Itza se historiese strukture teen oortoerisme te beskerm. (2 x 2) (4)

**[28]**

Kopiereg voorbehou 


**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## VRAAG 5

Bestudeer die inligting en kaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Die Nelson Mandela Legacy Sites (Erfenisterreine), ʼn versameling van 14 plekke regoor Suid-Afrika, is in 2024 deur UNESCO as ʼn enkele Wêrelderfenisterrein erken.

**MENSEREGTE, BEVRYDING EN VERSOENING: NELSON MANDELA LEGACY SITES (ERFENISTERREINE)**




5.1 Bepaal die aantal provinsies waarin die 14 Nelson Mandela Erfenisterreine geleë is deur die kaart hierbo te bestudeer. (1)

5.2 Jy is ʼn toerbeplanner wat ʼn reisplan ontwerp wat die Nelson Mandela Erfenisterreine insluit.

5.2.1 Noem EEN kulturele Wêrelderfenisterrein in Suid-Afrika, buiten die Nelson Mandela Erfenisterreine, wat by die reisplan ingesluit kan word om waarde tot hierdie toer toe te voeg. (1)

5.2.2 Gee EEN rede waarom die Wêrelderfenisterrein in VRAAG 5.2.1 geïdentifiseer, waarde tot die reisplan sal toevoeg. (2)

5.3
> Suid-Afrika het 12 Wêrelderfenisterreine wat deur UNESCO erken word, met die twee nuutste terreine wat in 2024 bygevoeg is.

Verduidelik TWEE maniere waarop die Suid-Afrikaanse toerismebedryf voordeel daaruit trek om 12 Wêrelderfenisterreine te kan hê. (2 x 2) (4)

**[8]**



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 6

Bestudeer die prentjies hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**SA TOERISME WERK SAAM MET DIE PRIVAATSEKTOR OM SUID-AFRIKA AS 'N VOORKEUR REISBESTEMMING TE POSISIONEER**



South Africa
SOUTH AFRICAN TOURISM

TBCSA
TOURISM BUSINESS COUNCIL OF SOUTH AFRICA

TOMSA
Tourism Levy South Africa
Adding Value to Tourism

6.1 6.1.1 Noem TWEE tipes toerisme-ondernemings wat tot die heffing-inisiatief vir die bemarking van Suid-Afrika as 'n voorkeur reisbestemming bydra. (2 x 1) (2)

6.1.2 Identifiseer die privaatsektor-rolspeler wat SA Toerisme van fondse voorsien wat vrywillig van toerisme-ondernemings ingesamel word. (2)

6.1.3 Verduidelik hoe die deelname van toerisme-ondernemings aan die heffing-inisiatief help om internasionale besoekers te lok, wat direkte voordele aan hierdie besighede bied. (2 x 2) (4)

6.2 Bespreek DRIE maniere waarop Suid-Afrika se toerismebedryf negatief beïnvloed sal word as SA Toerisme (SA Tourism) ophou om aan die WTM en ITB Berlyn internasionale reishandelskoue deel te neem. (3 x 2) (6)

**[14]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KELNERIN STRY TEEN VERWYDERING VAN GESIG-"PIERCINGS" BY GESOGTE HOTEL**

Emma, 'n jong kelnerin, het by die gesogte Grand Royale Hotel begin werk. Voordat sy begin het, het sy die nodige dokumente onderteken en is sy van die hotel se indiensnemingsvereistes ingelig. 'n Paar dae voor haar eerste skof het sy gesig-"piercings" gekry. Toe sy by die werk aangekom het, het die hotelbestuurder, mnr. Collins, haar gevra om die "piercings" te verwyder. Hy het gesê dat die hotel van personeel vereis om netjies en professioneel te lyk.



Emma het nie saamgestem nie. Sy het gevoel dat die versoek onbillik was en dat dit teen haar gediskrimineer het. Sy het geglo dat haar "piercings" deel van haar identiteit en persoonlikheid (personal expression) was. Sy het gedink dat haar regte geskend is toe sy gevra is om dit te verwyder.

7.1 7.1.1 Noem die dokument wat die bepalings en voorwaardes van Emma se werk by die hotel uiteensit. (1)

7.1.2 Noem die dokument wat stipuleer dat die hotelpersoneel netjies en professioneel moet lyk terwyl hulle aan diens is. (1)

7.2 Verduidelik TWEE voordele vir die hotel wanneer personeel die hotel se professionele voorkomsstandaarde verstaan en daaraan voldoen. (2 x 2) (4)

7.3 Evalueer of die hotel geregverdig is om van Emma te vereis om haar "piercings" te verwyder. (2 x 2) (4)
**[10]**



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 8

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**KHANYISO ECO LODGE (HERBERG): 'N BAKEN VAN VOLHOUBAARHEID**

Khanyiso Eco Lodge in Suid-Afrika gebruik sonkrag en implementeer waterbesparings- en herwinningsmaatreëls. Die herberg is selfonderhoudend (off-grid), wat beteken dat dit sy eie krag opwek.

Gaste kan aan aktiwiteite soos boomplant en die monitering van wild, wat bewaringspogings soos teen-stropery en herbebossingsprojekte help, deelneem. Die herberg bied ook kulturele uitruilprogramme aan, waar besoekers van plaaslike tradisies leer en dit ervaar.

Khanyiso Eco Lodge ondersteun die plaaslike gemeenskap deur werk te skep en voorraad van nabygeleë besighede te koop. Plaaslike gidse lei toere, wat vir gaste 'n outentieke ervaring bied. Die herberg help ook die gemeenskap deur skole en gesondheidsorgprogramme te ondersteun.

Gaste bly in eko-vriendelike akkommodasie wat met die natuur saamsmelt. Die geboue gebruik plaaslike materiale en tradisionele boumetodes. Die herberg is Regverdige Handel (Fair Trade – FTT) gesertifiseer.

8.1 Gebruik inligting uit die uittreksel en gee TWEE voorbeelde vir elke pilaar van volhoubaarheid hieronder aangedui soos dit deur Khanyiso Eco Lodge beoefen word.

8.1.1 Ekonomiese (wins)-pilaar (2 x 2) (4)

8.1.2 Sosiale (mense)-pilaar (2 x 2) (4)

8.2 Verduidelik TWEE maniere waarop Khanyiso Eco Lodge verantwoordelike toerismepraktyke toepas. (2 x 2) (4)

8.3 Bespreek TWEE maniere waarop die Regverdige Handel (Fair Trade – FTT-) sertifisering van Khanyiso Eco Lodge:

8.3.1 Kan help om omgewingsbewuste toeriste te lok. (2 x 2) (4)

8.3.2 Gemeenskapsbetrokkenheid en ondersteuning verseker. (2 x 2) (4)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING E: PLAASLIKE-, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 9

9.1 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KALIFORNIË BRANDE 2025: VERWOESTING EN VERLIES TE MIDDE VAN REKORDGETAL BRANDE**



In Januarie 2025 het Kalifornië van die mees verwoestende brande in sy geskiedenis beleef. Die brande, deur erge droogtetoestande en sterk winde aangevuur, het Los Angeles County verniel en wydverspreide verwoesting veroorsaak. Die brande het meer as 16 240 strukture vernietig, minstens 28 lewens geëis en byna 200 000 inwoners gedwing om hul huise te ontruim.

9.1.1 Klassifiseer die Kaliforniese brande as ŉ spesifieke tipe gebeurtenis. (2)

9.1.2 In ŉ paragraaf, bespreek die negatiewe ekonomiese impak wat hierdie gebeurtenis op die toerismebedryf van Kalifornië gehad het. (3 x 2) (6)

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

9.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**SUID-AFRIKA IN DIE GLOBALE KOLLIG:
GASHEER VAN DIE G20-BERAAD IN 2025**

In Desember 2024 het Suid-Afrika geskiedenis gemaak as die eerste Afrika-nasie wat vir die G20, ŉ internasionale forum van 19 lande en die Europese Unie (EU), as voorsitter opgetree het.

Die G20-leiersberaad sal in November 2025 in Johannesburg plaasvind. President Cyril Ramaphosa het gesê: "Die G20 bring nasies van elke vasteland bymekaar om probleme wat ons almal raak, op te los."

9.2.1 Verskaf ŉ aanhaling uit die uittreksel wat wys dat die G20 as ŉ globale gebeurtenis geklassifiseer kan word. (2)

9.2.2 Bespreek TWEE ekonomiese voordele vir Suid-Afrika van die aanbied van die G20-beraad. (2 x 2) (4)

9.2.3 Stel EEN moontlike negatiewe impak voor wat die aanbied van die G20-beraad op die daaglikse lewe van inwoners in Johannesburg kan hê. (2)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

9.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TOERISTE AANKOMSTE VAN SAOG-LANDE TUSSEN JANUARIE 2024 EN JANUARIE 2025**

| SAOG-LAND | JANUARIE 2024 | JANUARIE 2025 | % VERANDERING TUSSEN JANUARIE 2024 EN JANUARIE 2025 |
|---|---|---|---|
| Angola | 2 847 | 3 428 | 20.4% |
| Botswana | 26 682 | 25 978 | -2.6% |
| DRK | 1 740 | 2 751 | 58.1% |
| Eswatini | 63 679 | 74 156 | 16.5% |
| Lesotho | 165 235 | 176 550 | 6.8% |
| Madagaskar | 320 | 246 | -17.5% |
| Malawi | 16 038 | 18 145 | 13.1% |
| Mauritius | 1 246 | 1 379 | 10.7% |
| Mosambiek | 176 100 | 182 768 | 3.8% |
| Namibië | 11 821 | 13 102 | 10.8% |
| Seychelles | 428 | 392 | -8.4% |
| Tanzanië | 2 647 | 3 102 | 17.2% |
| Zambië | 11 950 | 12 461 | 4.3% |
| Zimbabwe | 283 969 | 273 084 | -3.8% |
| **Totaal** | **764 702** | **787 560** | |

[Bron: www.statssa.gov.za/publications/P0350/P0350Januarie2025]

9.3.1 Identifiseer die SAOG-land wat die hoogste persentasie verandering in toeristeaankomste na Suid-Afrika tussen Januarie 2024 en Januarie 2025 ervaar het. (2)

9.3.2 Ontleed die persentasieverandering in toeristeaankomste van al Suid-Afrika se buurlande tussen Januarie 2024 en Januarie 2025.

Beskryf die algemene tendens/neiging. (2)

9.3.3 Stel EEN strategie voor wat Suid-Afrika kan implementeer om die aantal toeriste uit SAOG-lande waar aankomste afgeneem het, te vermeerder/verhoog. (2)

**[22]**

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 10

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SEAHORSE HOTEL***

Die vyfster Seahorse Hotel* is langs die Oos-Kaapse kuslyn geleë en bied aan gaste luukse verblyf en ŉ rustige omgewing.

Dit beskik oor elegant, ontwerpte kamers en suites met asemrowende see-uitsigte en uitstekende fasiliteite en geriewe vir maksimum gemak.

* denkbeeldige naam

**Kliënteresensies op die Seahorse Hotel webwerf geplaas:**

- "Die Seahorse Hotel het nie sy 5-ster-beloftes nagekom nie. Kamerdiens het nie gereageer nie, die kos was te duur, en geadverteerde dagsorgdienste was nie beskikbaar nie. Baie misleidend!" – Nomhle
- "Teleurstellende verblyf by die Seahorse Hotel. Kamers het nie basiese geriewe soos kamerjasse en pantoffels gehad nie, die kluis was stukkend, en personeel was glad nie behulpsaam nie. Voldoen nie aan die luukse standaarde wat beloof is nie." – Matthew
- "Ontspanning by die Seahorse Hotel is bederf. Die spa-personeel was raserig tydens ons massering, en die kelners het in die restaurant geraas, wat ons middagete ontwrig het. Nie die rustige ervaring wat ons verwag het nie." – Lucrecia

10.1 Noem EEN toestel wat ŉ kliënt kan gebruik om ŉ resensie op die Seahorse Hotel-webwerf te plaas. (2)

10.2 Verskaf EEN voordeel vir die Seahorse Hotel om ŉ kliëntterugvoerplatform te hê. (2)

10.3 Beveel TWEE strategieë aan wat die hotelbestuur in plek moet stel om die klagtes wat van die gaste ontvang is aan te spreek. (2 x 2) (4)

**[8]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# TOERISME NASIENRIGLYN

**PUNTE: 200**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 16 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | D ✓ | |
| | 1.1.2 | A ✓ | |
| | 1.1.3 | C ✓ | |
| | 1.1.4 | C ✓ | |
| | 1.1.5 | D ✓ | |
| | 1.1.6 | B ✓ | |
| | 1.1.7 | C ✓ | |
| | 1.1.8 | B ✓ | |
| | 1.1.9 | A ✓ | |
| | 1.1.10 | D ✓ | |
| | 1.1.11 | B ✓ | |
| | 1.1.12 | A ✓ | |
| | 1.1.13 | A ✓ | |
| | 1.1.14 | B ✓ | |
| | 1.1.15 | D ✓ | |
| | 1.1.16 | C ✓ | |
| | 1.1.17 | C ✓ | |
| | 1.1.18 | C ✓ | |
| | 1.1.19 | A ✓ | |
| | 1.1.20 | B ✓ | (20 x 1) (20) |
| 1.2 | 1.2.1 | TGRSA ✓ | |
| | 1.2.2 | vermenigvuldigereffek ✓ | |
| | 1.2.3 | BAK ✓ | |
| | 1.2.4 | kenteken ✓ | |
| | 1.2.5 | vluguitputting ✓ | (5 x 1) (5) |
| 1.3 | 1.3.1 | kalenderdatums ✓ | |
| | 1.3.2 | Griekse ✓ | |
| | 1.3.3 | 5 ✓ | |
| | 1.3.4 | geskeduleerde ✓ | |
| | 1.3.5 | Grasse ✓ | (5 x 1) (5) |
| 1.4 | 1.4.1 | C ✓ | |
| | 1.4.2 | E ✓ | |
| | 1.4.3 | D ✓ | |
| | 1.4.4 | B ✓ | |
| | 1.4.5 | F ✓ | (5 x 1) (5) |
| 1.5 | 1.5.1 | D ✓ | |
| | 1.5.2 | A ✓ | |
| | 1.5.3 | C ✓ | |
| | 1.5.4 | F ✓ | |
| | 1.5.5 | B ✓ | (5 x 1) (5) |

**TOTAAL AFDELING A: 40**


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTABEHEER

### VRAAG 2

2.1 2.1.1 (a) New York, VSA -5 (+1 DBT) -4
Frankfurt, Duitsland +1 (+1 DBT) +2
Tydsverskil: 6 ure ✓
16:30 + ✓ 6 ure (tydsverskil)
= 22:30 + ✓ 7h30 (vlugtyd) = 06:00 ✓ 5 Junie ✓

**OF**

06:00 ✓✓✓✓ op 5 Junie ✓ (5)

(b) 06:00 aankomstyd in Frankfurt
+ 15:30 ✓ (wagtydperk)
= 21:30 ✓

**OF**

21:30 ✓✓ (2)

(c) Frankfurt, Duitsland +1 (+1 DBT) +2 ✓
Durban, Suid-Afrika +2
Tydsverskil: 0 uur ✓
= 21:30 + ✓ 11 uur (vlugtyd) = 08:30 ✓ 6 Junie ✓

**OF**

08:30 ✓✓✓✓ 6 Junie ✓ (5)

2.1.2 Deurgangsvisum/Transito visum ✓✓ (2)

2.1.3 (a) Vlugvoosheid ✓✓ (2)

(b) Vlieg oor meer as twee (veelvuldige) tydsones. ✓✓ (2)

(c) Moegheid ✓
Sukkel om te konsentreer ✓

- Slapeloosheid of sukkel om te slaap
- Prikkelbaarheid of humeurigheid
- Spysverteringsprobleme, soos hardlywigheid of diarree
- Algemene ongemak en ongerustheid
- Hoofpyn
- Duiseligheid
- Verminderde eetlus
- Verminderde waaksaamheid of werkverrigting (2 x 1) (2)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.1.4 (a) Paspoort ✓ (1)

(b) ŉ Paspoort is ŉ dokument wat die identiteit en nasionaliteit van die houer daarvan sertifiseer. ✓✓ (2)

(c) ŉ Visum is ŉ dokument of stempel in ŉ paspoort wat toestemming aan die reisiger verleen om ŉ vreemde land binne te gaan. ✓✓

- Dit spesifiseer die rede vir reis en dui die duur van die verblyf aan. (2)

(d) Immigrasie-owerhede ✓

- Ambassades
- Konsulate van die land wat besoek word (1)

2.1.5 (a) Rooi ✓✓ kanaal (2)

(b) Die goedere oorskry die limiet vir belastingvrye items. ✓✓

- Doeanetoelaes: 1 liter spiritus; 50 milliliter parfuum; goedere ter waarde van R5 000 of minder by die belastingvrye (duty-free) winkel gekoop. (2)

2.2 2.2.1 (a) Aanbod A ✓✓ (2)

(b) **<u>Die broers kan kies uit:</u>**
Unieke Kulturele Ervarings: aand by ŉ Zuludorpie, waar hulle tradisionele dans, musiek en kos kan ervaar. ✓✓

- Unieke Kulinêre (Kos) Ervarings: Fynproewerskostoer by Durbanstraatmarkte, en verken diverse plaaslike geure.
- Wildavonture: Privaat wildrit om die Groot Vyf te besigtig.
- Wildavonture: uShaka Marine World, wat ŉ mariene-temapark (Marine World) en waterpark insluit. (2)

2.2.2 (a) Internasionale bestuurspermit/bestuurslisensie (IBP) ✓✓ (2)

(b) Die broers moes insekweerder gebruik het. ✓✓
Onder ŉ muskietnet geslaap het. ✓✓

- Langmouhemde, langbroeke en sokkies gedra het.
- In lugversorgde of afgeskermde kamers gebly het.
- Voorgeskrewe antimalaria medikasie geneem het.
- Gebiede met staande water waar muskiete broei, vermy het.

(2 x 2) (4)
**[40]**


**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 EUR (€) 500 x ✓ 19,32 ✓ = ZAR 9 660 ✓

**OF**

ZAR 9 660 ✓✓✓ (3)

3.1.2 ZAR 15 000 ÷✓ 23,11 ✓ = GBP (£) 649,06 ✓

**OF**

GBP (£) 649,06 ✓✓✓ (3)

3.1.3 (a) ʼn Swakker Rand maak Suid-Afrika ʼn meer bekostigbare bestemming vir internasionale toeriste. ✓✓

- Internasionale toeriste se buitelandse valuta het groter koopkrag, wat verblyf, kos en aktiwiteite vir hulle meer bekostigbaar maak. Dit kan tot ʼn toename in toeristeaankomste lei. (2)
- Kan tot verlengde verblyf in Suid-Afrika lei.

(b) Weens stygende kostes kan Suid-Afrikaners dalk minder internasionale reise onderneem ✓✓ of goedkoper bestemmings kies.

- Dit kan tot ʼn afname in die aantal mense wat uit Suid-Afrika na die buiteland reis, lei. (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## AFDELING C: TOERISME BESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING

### VRAAG 4

4.1 4.1.1 A – Berg Fuji ✓
B – Taj Mahal ✓
C – Petra ✓
D – Koepel van die Rots ✓ (4 x 1) (4)

4.1.2 (a) Tokio ✓
Agra ✓ (Enige volgorde) (2 x 1) (2)

(b) Jordanië ✓
Israel ✓ (Enige volgorde) (2 x 1) (2)

4.1.3 **<u>Ikoon A – Berg Fuji</u>:**
Berg Fuji is Japan se hoogste piek en bied ʼn veeleisende klim wat avontuurtoeriste, wat ʼn fisiese uitdaging soek, aanloklik sou vind. ✓✓

- Die Berg Fuji-area bied ʼn verskeidenheid avontuuraktiwiteite soos voetslaan, bergfietsry, valskermsweef (paragliding), ski en sneeuplankry.
- Die gebied rondom Berg Fuji het vele ander besienswaardighede, soos Fuji Five Lakes, warmwaterbronne en pretparke, wat dit vir avontuurtoeriste geskik maak. (2)

4.1.4 **<u>Ikoon B – Taj Mahal</u>:**
Die Taj Mahal is deur die Mughal-keiser, Shah Jahan, gebou ter nagedagtenis aan sy vrou, Mumtaz Mahal. ✓✓

- Die keiser se vrou het gesterf terwyl sy geboorte aan hul 14de kind geskenk het. Shah Jahan was na haar dood gebroke en het besluit om ʼn grafkelder te bou om haar nagedagtenis en hul liefde te eer. (2)

4.1.5 **<u>Ikoon C – Petra</u>:**
Die antieke stad Petra is bekend vir sy asemrowende argitektuur wat uit rots gekerf/gebeitel is. ✓✓

- Die Nabateërs, ʼn antieke Arabiese volk, het pragtige tempels, grafte en geboue in die roosrooi sandsteenkranse uitgekerf.
- Die vaardighede en inspanning wat nodig was om sulke gedetailleerde en pragtige geboue uit soliede rots te kerf, is werklik indrukwekkend.
- Petra se waterstelsel getuig van die Nabateërs se indrukwekkende ingenieursvaardighede.
- Petra was ʼn kernhandelsentrum in antieke tye, geleë op die kruispad van belangrike handelsroetes wat Arabië, Egipte en die Middellandse See verbind het.
- Die stad se rykdom en invloed toon die knapheid en vindingrykheid van die Nabateërs om ʼn opgewekte stad te skep en in stand te hou. (2)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

4.2 4.2.1 Suid-Amerika ✓✓ (2)

4.2.2 El Castillo (Tempel van Kukulkan) is ŉ trappiramide in Chichen Itza. ✓✓

- Dit het terrasse, ŉ tempel aan die bokant, en trappe wat ŉ slangagtige skaduwee tydens die eweninge veroorsaak.
- Die Groot Baan vir Balspeel (Great Ball Court): Die grootste en indrukwekkendste speelbaan in antieke Meso-Amerika, het hoë mure en klipringe waar die Maja-balspel gespeel is. (2)

**LET WEL:** *Aanvaar enige relevante antwoord met betrekking tot argitektoniese kenmerke.*

4.2.3 (a) Gesinsvriendelike ervaring: interaktiewe uitstallings en opvoedkundige programme vir kinders. ✓✓

- Ondersteuningsfasiliteite en dienste: rusareas en piekniekplekke, kosstalletjies en aandenkingswinkels, sekuriteitspersoneel op die terrein, noodhulpstasies beskikbaar.
- Maklik toeganklike inligting: kaarte en brosjures beskikbaar by die ingang, kennisgewingborde en duidelik gemerkte paadjies.
- Plaaslike en internasionale besoekers: die plakkaat is in Engels, wat wyd deur internasionale besoekers verstaan word.
- Toeganklikheid: rolstoelvriendelike paadjies. (2)

(b) Gerieflike openingstye: daagliks oop van 8:00 tot 17:00, wat verskeie skedules akkommodeer. ✓✓

- Begeleide toere: verseker dat besoekersgetalle beheer word.
- Maklik toeganklike inligting: kaarte en brosjures beskikbaar by ingang, kennisgewingborde en duidelik gemerkte paadjies. (2)

4.2.4 (a) Swaar voetverkeer en talle besoekers kan skade aan die antieke strukture en omliggende natuurlike omgewing veroorsaak. ✓✓

- Die aantog van groot getalle toeriste kan plaaslike infrastruktuur, insluitend paaie, toilette (badkamers), en afvalbestuurstelsels onder druk plaas, wat tot oorbenutting en agteruitgang lei.
- Oortoerisme kan oorbevolking veroorsaak, wat dit moeilik maak vir besoekers om die terrein ten volle te geniet en te waardeer. Dit kan ook die gehalte van die besoekers se ervaring negatief beïnvloed.
- Groot skares mense kan veiligheidsrisiko's inhou, insluitend ongelukke, vandalisme en potensiële skade aan die argeologiese terrein.
- Toerisme en kommersialisering kan plaaslike kultuur benadeel, wat tot die verlies van erfenis en egtheid lei. (2)



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

(b) Stel ŉ tydbepaalde toegangskaartjiestelsel in om die aantal besoekers op enige gegewe tydstip te beheer. ✓✓
Ontwikkel en bevorder virtuele toere van Chichen Itza, sodat mense die terrein aanlyn kan verken. ✓✓

- Beperk die grootte van toergroepe om die terrein se impak te minimaliseer.
- Installeer meer kringtelevisiekameras.
- Skep aangewese uitkykplatforms.
- Stig ŉ toegewyde fonds vir die voortdurende restourasie en instandhouding van Chichen Itza.
- Implementeer seisoenale sluitings of verminderde openingsure gedurende hoog/piek toeristeseisoene om die terrein te laat herstel.
- Betrek plaaslike gemeenskappe by bewaringspogings. Bemagtig hulle om die terrein te help beskerm en by volhoubare toerisme baat te vind.
- Implementeer opvoedkundige programme om bewustheid oor die bewaring van die terrein te verhoog. Moedig verantwoordelike toerismepraktyke aan. (2 x 2) (4)

**LET WEL:** *Aanvaar enige geskikte antwoord behalwe dié wat verband hou met sekuriteitswagte, begeleide toere, duidelike naamborde of duidelik gemerkte paaie, aangesien dit reeds in die uittreksel genoem word.*

**[28]**



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**VRAAG 5**

5.1 Vier ✓

- 4 (1)

5.2 5.2.1 Robbeneiland ✓ (1)

5.2.2 Die terrein is histories betekenisvol in Suid-Afrika se stryd om vryheid en demokrasie. ✓✓

- Nelson Mandela was 18 jaar daar in die tronk, wat dit ŉ belangrike terrein in sy nalatenskap maak.
- Besoekers sal ŉ beter begrip van apartheid en die stryd om bevryding kan kry.
- Die terrein bied begeleide toere deur voormalige politieke gevangenes, wat akkurate historiese insigte verskaf. (2)

5.3 Die terreine kry nasionale en internasionale erkenning wat tot 'n toename in besoekersgetalle sal lei. ✓✓
Toename in besoekers na die provinsies om die Wêrelderfenisterreine te besoek sal tot verhoogde toerisme-inkomste lei. ✓✓

- Verhoogde besoekersgetalle sal die vermenigvuldigereffek in werking stel.
- Toename in ekonomiese aktiwiteit wat tot verhoogde BBP lei, wat alle ondernemings in die gebied bevoordeel.
- Skep werksgeleenthede wat lewensgehalte sal verbeter.
- Afname in werkloosheid, armoede en misdaad.
- ŉ Gevoel van eienaarskap/trots van die erfenis onder die plaaslike gemeenskap.
- Die inkomste wat gegenereer word, kan gebruik word om die infrastruktuur op te gradeer en te onderhou.
- Moedig nouer samewerking tussen alle belanghebbendes aan.
- Skep meer geleenthede vir entrepreneurskap.
- Positiewe impak op geografiese verspreiding deur besoekers na diverse streke regoor die land te lok.
- Hierdie gebiede kan buitelandse beleggings lok.
- Baie terreine is in landelike of minder ontwikkelde gebiede geleë, wat ekonomiese voordele versprei en lewensgehalte van plaaslike bevolkings verbeter.
- Die diversiteit van terreine stel Suid-Afrika in staat om besoekers deur die jaar te lok, wat seisoenale toerismepatrone balanseer. (2 x 2) (4)

**[8]**

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**VRAAG 6**

6.1 6.1.1 Akkommodasie-ondernemings (bv. B&B's, Gastehuise, Hotelle, Vakansieoorde, Wildherberge) ✓
Motorverhuring ✓
- Konferensieplekke
- Reisagentskappe
- Toeroperateurs (2 x 1) (2)

6.1.2 Toerisme Besigheidsraad van Suid-Afrika ✓✓
- TBRSA (English TBCSA) (2)

6.1.3 Die fondse wat ingesamel word, word deur SA Toerisme (SA Tourism) gebruik om Suid-Afrika as ŉ voorkeurbestemming te bemark. ✓✓
SA Toerisme (SA Tourism) se bemarkingspogings lok internasionale besoekers, wat tot verhoogde besprekings en inkomste vir die deelnemende besighede lei. ✓✓ (2 x 2) (4)

6.2 Verminderde globale bewustheid van Suid-Afrika as ŉ reisbestemming. ✓✓
Suid-Afrika sal bemarkingsgeleenthede om sy unieke besienswaardighede ten toon te stel verloor, wat tot ŉ swakker handelsmerk en minder toeristebelangstelling sal lei. ✓✓
Mededingende bestemmings sal bevoordeel word, wat dit moeiliker vir Suid-Afrika maak om internasionale reisigers te lok. ✓✓
- Suid-Afrika sal netwerkgeleenthede en waardevolle vennootskappe misloop, wat toerisme-handelsgeleenthede verminder.
- Die land sal direkte verkope en besprekings verloor, wat toerisme-inkomste negatief sal beïnvloed.
- Daar sal beperkte insigte oor markneigings en reisigersvoorkeure wees, wat dit moeiliker maak om toerisme-aanbiedinge aan te pas.
- Daar sal ŉ daling in inkomende toeristegetalle wees, wat die vermenigvuldigereffek wat plaaslike besighede bevoordeel, vertraag.
- Suid-Afrika sal geleenthede om nuwe reiservarings te bevorder misloop, wat tot verminderde media-aandag sal lei.
- Die algehele reputasie van Suid-Afrika as ŉ voorkeur reisbestemming sal afneem, wat ŉ impak op langtermyn toerismegroei sal hê. (3 x 2) (6)

**[14]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**


**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

7.1 7.1.1 Die Dienskontrak ✓ (1)

7.1.2 Die Gedragskode ✓ (1)

7.2 ʼn Hotel met hoë professionele standaarde sal waarskynlik goeie resensies en verwysings kry, wat die reputasie daarvan in die bedryf ʼn hupstoot gee. ✓✓
Die handhawing van standaarde verseker ʼn volgehoue handelsmerkidentiteit, wat die hotel maklik herkenbaar en betroubaar maak. ✓✓

- ʼn Professionele voorkoms en gedrag kan gaste sekerheid gee en die hotel betroubaar laat voel, wat hulle sal aanmoedig om terug te keer en die hotel aan ander aan te beveel.
- Wanneer werknemers standaarde volg, voel hulle trots en deel van die span, wat hul moraal en werkstevredenheid ʼn hupstoot gee.
- Professionele en goedversorgde personeel skep ʼn goeie eerste indruk, wat tot ʼn aangename en verwelkomende ervaring vir gaste lei.
- Professionele standaarde sluit higiëne- en veiligheidsriglyne in, wat tot ʼn skoner en veiliger omgewing vir gaste en personeel lei.
- Duidelike riglyne vir professionele voorkoms en gedrag kan bedrywighede meer vlot laat verloop, misverstande verminder en algehele doeltreffendheid verbeter.
- ʼn Hotel met ʼn professionele beeld sal waarskynlik werkskandidate van hoë gehalte lok wat daardie standaarde waardeer en respekteer.
- Die bied van ʼn professionele beeld lei tot positiewe mondelinge advertensies wat tot verhoogde verkope sal lei. (2 x 2) (4)

7.3 Ja, as die hotel se beleid oor professionele voorkoms duidelik in die diensdokumente wat Emma onderteken het, gemeld word. ✓✓
Dit verseker dat alle personeel ʼn eenvormige en professionele beeld vertoon, wat belangrik is vir die behoud van die hotel se reputasie om aan gaste se verwagtinge te voldoen. ✓✓

- Die hotel het die reg om beleide af te dwing wat met sy handelsmerk- en diensstandaarde ooreenstem. (2 x 2) (4)

**LET WEL:** *Moenie punte vir Ja of Nee toeken nie.* **[10]**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## VRAAG 8

8.1 8.1.1 Khanyiso Eco Lodge skep werk vir die plaaslike gemeenskap. ✓✓
Die herberg koop voorraad van nabygeleë besighede aan. ✓✓ (2 x 2) (4)

8.1.2 Die herberg ondersteun skole en gesondheidsorgprogramme. ✓✓
Plaaslike gidse lei toere, wat aan gaste ŉ outentieke ervaring bied. ✓✓

- Die herberg bied kulturele uitruilprogramme aan, waar besoekers plaaslike tradisies ervaar. (2 x 2) (4)

8.2 Die herberg gebruik sonkrag en is selfonderhoudend, wat beteken dat dit sy eie elektrisiteit/krag opwek. ✓✓
Die herberg implementeer waterbesparingsmaatreëls om waterverbruik tot die minimum te beperk. ✓✓

- Die herberg het herwinningsmaatreëls in plek om afval te bestuur.
- Gaste kan aan boomplantaktiwiteite deelneem, wat tot herbebossingspogings en die bewaring van plaaslike ekosisteme bydra.
- Die herberg bied aktiwiteite soos die monitering van wild, wat met bewaringspogings soos teen-stropery-inisiatiewe help.
- Die herberg bied eko-vriendelike verblyf, wat met plaaslike materiale wat die omgewingsimpak verminder, gebou is.
- Die herberg is Regverdige Handel-gesertifiseerd, wat beteken dat die herberg onderneem om omgewingsbewaring, sosiale verantwoordelikheid en ekonomiese volhoubaarheid te balanseer, wat sleutelbeginsels van verantwoordelike toerisme is. (2 x 2) (4)

8.3 8.3.1 Die Regverdige Handel-sertifisering waarborg dat Khanyiso Eco Lodge verantwoordelike toerismepraktyke volg, soos die gebruik van sonkrag, waterbesparing en die beskerming van wild. Hierdie lok omgewingsbewuste toeriste wat verkies om volhoubare besighede te ondersteun. ✓✓
Toeriste wat vir volhoubaarheid omgee is meer geneig om ŉ Regverdige Handel-gesertifiseerde herberg te kies omdat dit etiese en omgewingsverantwoordelike toerismepraktyke waarborg. ✓✓

- Om Regverdige Handel-gesertifiseer te wees, laat die herberg toe om sy volhoubaarheidspogings bekend te maak, wat dit vir eko-bewuste reisigers meer aantreklik maak.
- Regverdige Handel-sertifisering verskaf deursigtigheid rakende die herberg se volhoubare praktyke en etiese standaarde. Hierdie bou vertroue onder omgewingsbewuste toeriste, wat versekering van ŉ besigheid se verbintenis tot verantwoordelike toerisme verlang.

(2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

8.3.2 Regverdige Handel vereis dat die herberg die indiensneming van plaaslike gemeenskapslede prioritiseer, om sodoende werksgeleenthede en ekonomiese ondersteuning aan die omliggende gebied te verskaf. Dit verseker dat die gemeenskap regstreeks by toerisme baat, wat plaaslike ondersteuning vir die herberg verhoog. ✓✓
Die sertifisering bepaal dat werknemers billike lone ontvang, wat die lewenstandaard van die plaaslike arbeidsmag verbeter. ✓✓

- Regverdige Handel moedig herberge aan om plaaslike tradisies te respekteer en in toerisme-aktiwiteite te integreer, wat gemeenskappe in staat stel om hul erfenis te deel en uit toerisme baat te vind.
- Regverdige Handel moedig die herberg aan om in opleidings- en ontwikkelingsprogramme vir plaaslike werknemers te belê, wat hul vaardighede en loopbaanvooruitsigte verbeter.
- Daar word van die herberg verwag om gemeenskapsontwikkelingsprogramme soos opvoeding, gesondheidsorg en infrastruktuuropgradering te ondersteun.
- Regverdige Handel ondersteun die praktyk van plaaslike verkryging van produkte en dienste wat sodoende plaaslike besighede ondersteun en die omgewingsimpak van vervoer verminder.
- Die sertifisering moedig die herberg aan om plaaslike kulturele praktyke en tradisies te respekteer en te bewaar, wat ʼn gevoel van trots en identiteit binne die gemeenskap bevorder.
- Regverdige Handel vereis dat die herberg met plaaslike rolspelers in gesprek tree, insluitend gemeenskapsleiers en organisasies, om te verseker dat hul behoeftes en bekommernisse aangespreek word. (2 x 2) (4)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## AFDELING E: PLAASLIKE-, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 9

9.1 9.1.1 Onvoorsiene gebeurtenis ✓✓

- Natuurramp (2)

9.1.2 Sluiting van hotelle, strande en ander toeriste-infrastruktuur as gevolg van die wydverspreide skade wat deur die brande veroorsaak is. ✓✓
Afname in toeristeaankomste, wat tot inkomsteverliese vir besighede wat van toerisme afhanklik is, lei. ✓✓
Aflegging van werknemers/werkverliese as gevolg van beskadigde infrastruktuur–negatiewe impak op inkomste verdien vir die mense van Kalifornië. ✓✓

- Die vermenigvuldigereffek sal negatief beïnvloed word as gevolg van minder toeriste wat die strandbestemming besoek.
- ŉ Afname in buitelandse toeristeaankomste na Kalifornië sal verlaagde buitelandse inkomste tot gevolg hê.
- Afname in BBP-bydraes van die toerismebedryf.
- Daar sal kansellasies van besprekings weens skade aan infrastruktuur wees asook lang tydperke van geen toerisme totdat die infrastruktuur herbou is.
- Die negatiewe publisiteit rondom die impak van brande sal potensiële besoekers ontmoedig om Kalifornië as hul vakansiebestemming te kies weens kommer oor veiligheid en infrastruktuurskade. (3 x 2) (6)

9.2 9.2.1 Die G20 bring nasies van elke vasteland bymekaar om probleme wat ons almal raak, op te los. ✓✓

- ŉ Internasionale forum van 19 lande en die Europese Unie. (2)

9.2.2 Hupstoot vir toerisme, aangesien verhoogde internasionale blootstelling bewustheid van Suid-Afrika as ŉ reisbestemming verhoog. ✓✓
Die vermenigvuldigereffek sal in werking tree aangesien die besteding deur toeriste, besighede en organiseerders die ekonomie ŉ hupstoot, met sirkulasie van geld, gee ✓✓wat ŉ aanvraag na goedere, dienste en werk, wat ekonomiese voordele verder verhoog, skep.

- Die aanbied van die beraad kan direk tot BBP-groei bydra deur verhoogde besteding deur internasionale besoekers, plaaslike besighede en regeringsbeleggings in infrastruktuur en dienste.
- Skep van werksgeleenthede in sektore soos toerisme, gasvryheid en geleentheidsbestuur.
- Lok van internasionale besighede, die bevordering van netwerkgeleenthede, vennootskappe en beleggingsgeleenthede.
- Langtermyn ekonomiese voordele as gevolg van die bevordering van Suid-Afrika as ŉ toeristebestemming, selfs na afloop van die geleentheid.
- Infrastruktuurverbeterings wat vir die beraad aangebring is, bied blywende ekonomiese voordele vir beide toerisme en plaaslike gemeenskappe.


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- Om ŉ groot internasionale geleentheid suksesvol aan te bied, kan Suid-Afrika se reputasie as ŉ geskikte en aanloklike bestemming vir toekomstige geleenthede en toeriste 'n hupstoot gee. (2 x 2) (4)

9.2.3 Die aanbied van so ŉ groot geleentheid verg aansienlike finansiële belegging in sekuriteit, infrastruktuur en logistiek. Hierdie kostes kan druk op openbare hulpbronne plaas wat dalk nie altyd deur toerisme-inkomste verhaal kan word nie. ✓✓

- Die beraad kan daaglikse lewe ontwrig deur verkeersopeenhopings, beperkte toegang tot sekere gebiede en verhoogde veiligheids-maatreëls te veroorsaak. Hierdie ontwrigtings kan inwoners en toeriste verontrief, wat moontlik tot negatiewe ervarings kan lei.
- Twispunte of kontroversiële sake tydens die beraad, soos betogings of logistieke probleme, kan tot negatiewe mediadekking lei. Hierdie negatiewe publisiteit kan potensiële toeriste afskrik en Suid-Afrika se reputasie as ŉ veilige en verwelkomende bestemming skend. (2)

9.3 9.3.1 DRK ✓✓ (2)

9.3.2 Die meerderheid buurlande het ŉ toename in toeristeaankomste aangeteken. ✓✓ Dit dui op ŉ positiewe neiging in streekreise na Suid-Afrika.

- Toename in toeristeaankomste: Eswatini (16.5%), Lesotho (6.8%), Mosambiek (3.8%), Namibië (10.8%),
- Daar was ŉ afname in aankomelinge vanaf Botswana (-2.6%), Zimbabwe (-3.8%). (2)

9.3.3 Stel bemarkingsveldtogte bekend, spesifiek in lande met dalende aankomstegetalle, om Suid-Afrika se besienswaardighede te bevorder. ✓✓

- Toenemende vlugkonnektiwiteit (beskikbaarheid) en oorgrensvervoeropsies kan reis geriefliker maak.
- Bied spesiale reisaanbiedings en afslag aan, insluitend verblyf en aktiwiteite, om meer toeriste te lok.
- Vennootskap met regerings en toerismerade van buurlande om oorgrenstoerisme te bevorder.
- Organisering van feeste, sporttoernooie of kulturele geleenthede wat toeriste van SAOG-lande lok.
- Vereenvoudig visumaansoekprosesse of stel visumvrystellings vir SAOG-lande in om reis na Suid-Afrika makliker en meer toeganklik te maak. (2)

**[22]**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**VRAAG 10**

10.1 Slimfoon ✓✓

- Tablet
- Skootrekenaar
- Rekenaar
- Slim TV (2)

10.2 Opbouende terugvoer help die hotel om swakhede te identifiseer en reg te stel, wat hul diens verbeter. ✓✓

- Direkte terugvoer help die hotel om areas te identifiseer/begryp wat verbeter moet word, om te kan verseker dat hulle hul hoë standaarde handhaaf.
- Die aanspreek van klagtes en implementering van voorstelle kan gaste se tevredenheid en lojaliteit aansienlik verhoog.
- Deur aktief op terugvoer te reageer en dit te bestuur, kan die hotel sy toewyding aan gaste se ervaring bekend maak, wat die hotel se reputasie sal verbeter.
- Positiewe resensies lok gaste, terwyl konstruktiewe kritiek help om aan markverwagtinge te voldoen.
- ŉ Deursigtige en deelnemende terugvoerstelsel onderskei die hotel van mededingers, wat hul toewyding aan uitnemendheid ten toon stel. (2)

10.3 Spreek die probleme met die verskillende departemente aan, soos kamerdiens, dagsorgfasiliteite, instandhouding, spa-personeel en bouers. ✓✓
Verhoog die aantal personeel tydens spitstye. ✓✓

- Reël personeelopleidingskursusse om hul vermoë om in die toekoms kwaliteitdiens te lewer, te verbeter.
- Motiveer die personeel om hul werkverrigting te verbeter.
- Vergelyk pryse met soortgelyke luukse hotelle en plaaslike luukse restaurante om mededingendheid te verseker.
- Hersien die spyskaart en bied ŉ reeks pryspunte, insluitend ŉ paar bekostigbare opsies sonder om kwaliteit in te boet.
- Regverdig hoër pryse deur komplimentêre byvoordele soos gratis nageregte, drankies of unieke onthaalervarings in te sluit.
- Gebruik ŉ kontrolelys (deur die personeel verantwoordelik vir netheid van kamers) om te verseker dat alle kamers die nodige geriewe het.
- Doen gereelde kamerinspeksies om te verseker dat geriewe vervang en in ŉ goeie toestand is.
- Stel ŉ span saam om ontbrekende geriewe vinnig aan te spreek en te vervang of reg te maak wanneer dit deur gaste gerapporteer word.
- Roetine instandhouding moet plaasvind.
- Verseker dat tydelike oplossings in plek is, soos om ŉ veilige plek vir die gas te bied om waardevolle besittings te bêre terwyl hulle by die hotel bly. (2 x 2) (4)

**LET WEL:** *Aanvaar enige geskikte antwoord.* **[8]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**